

Ingenieursgrafika & Ontwerp onderrig internasionaal erkende waardes waarin beide akademiese en tegniese toepassings vervat is.

Die klem in IGO is die onderrig van spesifieke kennis asook verskeie tekenegnieke, tekenvaardighede en rekenaarondersteunde tekene sodat IGO-leerders tekene kan interpreteer en kan skep binne die konteks van die meganiese, siviele en elektriese tegnologie-velde.

Basiese inhoud van vak:

1. Aanleer van tekenbegrippe en terminologie.
2. Basiese tekenvaardighede aangeleer volgens praktykstandaarde; leer om idees grafies te kommunikeer deur tekeninstrumente of rekenaarprogramme te gebruik.
3. Leer probleme kreatief oplos deur van die ontwerpproses gebruik te maak.
4. Leer huisplanne teken en verstaan.
5. Leer invloed van menseregte, sosiale en omgewingskwessies en ontwikkel projekte wat aan internasionale standaarde kan voldoen.
6. Skep positiewe houding, persepsies en aspirasies vir vervaardiging, ingenieurswese en tegnologie-gebaseerde loopbane.